ONVERDIENSTELIK

Week 3

Saamgestel deur: Cecil van der Merwe en Ziandri Jacobs

MEMORISEERVERS

Luk 17:10 (nlv)
Dit moet julle gesindheid ook wees. As julle alles gedoen het wat god van julle gevra het, moet julle sê: 'ons is net dienaars wat eintlik niks verdien nie. Ons het maar net ons plig gedoen.'"

ONVERDIENSTELIK

Markus 5:25-34 – Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. [26] Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger. [27] Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak, [28] want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word. [29] En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was. [30] Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?" [31] Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?" [32] Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. [33] Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. [34] Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"

Baie keer dink ons as gelowiges ons is nie waardig om genade te ontvang nie. Dit is asof ons, soos die Joodse vrou, dink dat ons slegs waardig genoeg is om net gou, sonder dat iemand ons sien, aan Jesus se kleed te vat en hoop ons word genees. Maar dit is juis dan wanneer ons moet besef dat ons waardig is. Nie omdat ons dit verdien nie. Maar omdat God vol genade is. In die Joodse kultuur sou iemand soos hierdie wat bloeding het, gesien word as onrein. Iemand met wie jy nie in aanraking mee moet kom nie, anders is jy ook onrein. Sy sou uit die gemeenskap gestoot word en as vuil behandel word.

Dit is juis hier waar sy in haar desperaatheid vra: "Wie gaan my help en bystaan?" waar ons sien dat Jesus genade bewys en haar genees. Net so is dit met ons: God sien ons nie as iemand vuil wat weg van Hom beweeg nie, nee, Hy bewys eerder guns aan ons of ons dit verdien, of nie. Daarom moet ons onsself afvra: "Is daar dalk iemand wat ek wegstoot van Jesus omdat ek besluit het hulle is nie genoeg nie?", en onsself herinner dat God hulle ook liefhet.

'n Invloedryke lewe is 'n leefstyl wat genade bewys aan almal, waardig of onwaardig.

Gebed:

Here, help ons om nie verby ander te kyk nie, maar hulle raak te sien. Mag onverdienstelike genade deur ons vloei

Liefde Doen:

Neem in hierdie week 'n oomblik waar jy dink aan die mense in jou lewe. Vra jouself af of daar dalk iemand is wie jy weggestoot het omdat jy gevoel het hulle is dit nie waardig nie. Bid dan vir daai persoon en vra dat God jou help.

ONVERDIENSTELIK

Matteus 9:11 -13 (NLV) – Hoe kan julle leermeester met sulke immorele karakters saameet?" [12] Toe Jesus dit hoor, sê Hy: "gesonde mense het die dokter nie nodig nie; die siekes wel. [13] Gaan leer wat dit beteken as die skrifwoord sê: 'deernis is vir My baie belangriker as offerandes.' Ek het gekom om sondaars na die koninkryk te nooi, nie mense wat dink dat hulle alreeds goed genoeg is nie.

Die wat gesond is kort nie 'n dokter nie. Verbeel jou vir een oomblik dat ons in wêreld geleef het waar niemand en niks siek kon word, seer kon kry of kon doodgaan nie. Sou daar 'n beroep wees soos 'n dokter? Beslis nie! Hulle sou nutteloos wees in so 'n wêreld. So is dit ook met die koms van Jesus Hy het na ons wêreld toe gekom, nie omdat die wêreld gesond is nie, maar omdat dit gebroke en siek is. Dit is juis daarom dat Hy saam met die bystanders, die "*outcast*" gekuier en tyd spandeer het; sodat hulle gesond kan word en God leer ken. Nie omdat hulle perfek is en dit verdien nie, maar omdat Hy vir hulle lief is.

So is dit ook met ons vandag – God kies ons sonder voorbehoud. Hy het ons gekies lank voordat ons Hom gekies het. Hy het aan die kruis vir ons gesterf nie omdat ons dit verdien nie, maar uit sy groter genade. So moet ek en jy ook optree teenoor ander. Ons moet vir hulle lief wees en omgee, nie omdat hulle perfek is en al ons "check box'e" "tick" nie, maar omdat ons genade ontvang het.

Dit is wanneer ons besef dat God se genade onverdienstelik is,

dat ons met dieselfde oë na ander kyk.

Gebed:

Here, dankie dat ons gekies is deur u groot genade. Help ons om mekaar ook te sien deur u oë.

Liefde Doen:

Neem 'n oomblik en dink aan God se genade in jou lewe. Gaan kyk na jou leefwêreld en vra God om jou te help om anders na die mense rondom jou te kyk, sodat ons kan bydra tot die genesing van die wêreld.

ONVERDIENSTELIK

Lukas 15:20-24 en 28-32 – Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. [21] Toe sê die seun vir hom: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.' [22] Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! [23] En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! [24] Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier. ... [28] "Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; [29] maar hy antwoord: 'Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. [30] Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!' [31] "Toe sê die pa vir hom: 'Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune. [32] Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.'

'n Mooier beeld van liefde het ons nie – 'n Pa wat met groot blydskap sy kind terugverwelkom het ten spyte van die foute wat die seun gemaak het. Verbeel jouself jou kind het jou dood gewens en gevra vir sy erfporsie terwyl jy lewe? Dan gee jy vir hom die geld, waarvoor jy ál die jare gewerk het en hy gaan kuier dit uit. Wat sou jy gedoen het?

Die seun se verdiende loon was dat sy pa hom moes wegwys, dat die pa briesend moes wees. Hy het nie vergifnis, en nog minder 'n verwelkoming met ope arms, verdien nie. Tog, gebruik Jesus hier die beeld van hoe dit is in die koninkryk van God. 'n Vader wat genadig is en ons almal hartlik verwelkom.

Hoeveel keer is ek en jy nie soos die verlore seun se broer nie? Hoeveel keer is ons nie jaloers, kwaad, of ontsteld oor ander aan wie God genade bewys nie? Omdat ons soos die broer wil besluit wie is goed genoeg en wie nie, wie verdien genade en wie nie? God vra van ons om liefde aan almal, wat Hy op ons pad stuur, te bewys.

Grace does not depend on what we have done for God, but rather what God has done for us.

– Philip Yancey

Gebed:

Here, help my om nie kwaad te word oor my eie vooropgestelde idees van hoe, ek dink, mense hanteer moet word nie.

Liefde Doen:

Skryf 'n gebed waarin jy vir God jammer sê oor hoe jy mense hanteer het, terwyl jy weet dit was nie die regte manier nie.

ONVERDIENSTELIK

Lukas 17:7-10 – Sê nou een van julle het 'n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: 'Kom eet eers gou'? [8] Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: 'Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.' [9] 'n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? [10] So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

Om onverdienstelik te lewe vra van ons 'n genadige leefstyl, wat telkens bereid is om dié wat berou toon oor hulle dade, te vergewe. Dit vra ook 'n geloofslewe, wat gewortel is in God en 'n nederige lewenstyl waarin ons nie arrogant sal raak oor wat ons bereik het in die lewe nie. Uiteindelik behoort die lof aan God self, want als wat ons het is bloot aan ons geskenk. Ons dien juis ander, omdat ons weet alles wat ons het, is bloot net aan ons gegee deur genade.

Dit gaan nie oor wat ek kan kry in 'n verhouding en wat my status is nie, maar eerder oor wat ek terug kan gee aan ander. Ek het ook nie nodig om iets te doen, sodat ek genade in ruil daarvoor kan kry nie. Dit is, was en sal altyd onverdienstelik aan ons gegee word.

Wat ek is, is net genade. Wat ek het, is net geleen.

Gebed:

Here, maak my lewe bruikbaar tot u diens. Gee dat ek nie deur hoogmoed en my eie selfsugtige begeertes gedryf word nie, maar deur u genade.

Liefde Doen:

Is daar nog spasie in jou lewe waar jy dinge as vanselfsprekend aanvaar, alhoewel jy dit eintlik nie verdien nie? Vra die Here om jou daarmee te help.

ONVERDIENSTELIK

Efesiërs 2:8-10 – Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. [9] Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie. [10] Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.

Geloof is ’n gawe van God. Dis iets wat Hy, onverdienstelik, in ons wakker maak en iets wat ons aan die beweeg kry. Net so is verlossing ’n gawe van God. God verlos ons nie *ómdat* ons goeie dade doen nie, maar ons goeie werke is die *gevolg* van ons verlossing. God gebruik ons goeie werke tot uitbreiding van sy koninkryk. Verlossing is dus nie die gevolg van ons dade nie, maar die gevolg van God se werk in ons.

God sê in vers 10, dat ons sy meesterstuk is, geskep is deur Christus Jesus se handewerk, vir sy uitnemende dade. Daarom is dit belangrik vir ons as gelowiges om hierdie geestelike perspektief te verstaan. Ons doen nie maar wat ons wil, of wat iemand vir ons voorsê nie; ons hoor by God in sy Woord en deur sy Gees watter dinge Hy wil hê ons by betrokke moet raak – en dit is die dinge wat ons dan doen.

Hoe kan jy al hoe meer vir God toelaat om goeie werke deur jou te doen?

Genade is onverdienstelik, maar vloei uit na diens.

Gebed:

Here, gebruik my as u instrument, maak my sensitief om bewus te wees waar U wil hê ek besig moet wees. Berei my voor vir u goeie werk.

Liefde Doen:

Lees die verse later vandag weer om jou te herinner aan die genade van geloof waardeur God jou verlos het.